

Sing vooraf staande: Psalm 69:1, 2 (p. 342) (Tweede melodie Ps 59)

- 1 Help my, o God, want ek vergaan! / Ek het in modder ingegly / waar daar geen staanplek is vir my;
en oor my storm die waters aan. / Ek roep my hees, my oog versmag, / waar ek vergeefs op U bly wag.
- 2 Meer as die som wat ek kan tel, / en meer as my geringe krag, / vermeerder hul in tal en mag
wat my, onskuldig, neer wil vel. / Hul laat my sonder oorsaak boet. / Dit jaag en storm deur my gemoed!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 135:1, 3 (p. 655)

- 1 Prys die Naam van onse HEER! / Hef tesaam die lofsang aan!
Loof sy goedheid, gee Hom eer, / al wie in sy voorhof staan!
Loof Hom by die heugenis / van sy Naam wat lieflik is.
- 3 In die hoogte sit die HEER; / daar doen Hy wat Hom behaag;
Hy stuur sy bevele neer, / en sy wil geskied omlaag.
See en aarde luister stil, / met die dieptes, na sy wil.

Gebed

Skrifberyming 2-2:1, 3 (34:1, 3)

- 1 Die HEER is God, 'n eenge HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke,
van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke.
Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge.
Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.
- 3 Wee hom wat met sy Maker twis, / wat, waar hy net 'n potskerf is, / Gods weg met hom gewraak het!
'n Erdewerk, 'n nietigheid, / kan dit sy Maker ooit verwyf / dat Hy hom so gemaak het?
Maar nee, ons buig ootmoedig neer; / ons wil die hoë hande eer / wat ons so toeberei het,
ons in die hande altyd stel, / as kinders, HEER, die werk vertel / waardeur U ons verbly het.

Skriflesing: Habakuk 1:1-11

Kernverse: Habakuk 1:5

Aanskou onder die nasies en merk op, en staan verstom, verstom; want Ek gaan iets in julle dae doen wat julle nie sal glo as dit vertel word nie.
(Habakuk 1:5 AFR53)

Tema: God is aan die werk in ons tyd! Sien ons dit nog raak?

Geliefde broers, susters en kinders van ons Here Jesus Christus, diefstal, roof, geweld, moord en doodslag, korrupsie en wetteloosheid is woorde en gebeure waarmee ons daaglik gekonfronteer word. As dit nie in die nuus is waar ons dit hoor nie, lees ons daarvan in die koerant en sien dit op die televisie. In 'n sekere mate het ons al afgestomp geraak hieroor omdat dit elke dag voor ons opdoem en in ons huise kom deur die media. Of nog nader, sommige van ons het dit al beleef waar ons slagoffers was van een of meer van hierdie dinge. Of nog erger, kinders het die geweld al so gewoon geraak dat hulle “verkragspeletjies” speel, lees ons in die koerant van 'n week of twee gelede. En as grootmense gesels, is misdad die oorheersende onderwerp waaroor daar gepraat word. Hoe langer ons daarvoor praat hoe donkerder word die toekoms vir ons en naderhand lyk dit asof daar vir ons geen uitkoms of toekoms in hierdie land is nie.

Wanneer ons so in hierdie bodemlose put van swartgalligheid afsak, skraap ons miskien nog die moed bymekaar om te vra: Wanneer sal die Here iets hieraan doen? In ons gevoel van uitsigloosheid besef ons dat al wat hier gaan werk 'n direkte ingrype van die Here sal wees. Habakuk het tot hierdie selfde slotsom gekom toe hy na die wêreld gekyk het waarin hy geleef het. Geweld en onreg het die oorhand gekry in sy samelewing. Hy kon dit nie meer uit hou nie, daarom het hy hierdie eerste klagte tot die Here uitgeroep.

Net eers 'n enkele opmerkings sodat ons kan begryp waar die boek Habakuk in die openbaringsgeskiedenis inpas.

- In verband met Habakuk weet ons net dat hy 'n profeet van God was wat in Jerusalem opgetree het gedurende die regeringstyd van koning Jojakim (609/8 tot 597 vC). Van sy herkoms weet ons verder niks nie.
- Habakuk het nagenoeg in die jaar 605 vC opgetree as profeet, dit wil sê sowat agt jaar voordat Nebukadnesar Jerusalem in 597 vC die eerste maal beleër het toe mense soos Daniël en sy drie vriende en Esegïël saam met die belangrikste mense in Jerusalem weggevoer is in ballingskap. Dit is ook negentien jaar voor die val van Jerusalem in 586 vC toe die tempel verwoes is en die muur van Jerusalem in puin gelê is.
- Josia die pa van koning Jojakim was vir een en dertig jaar lank koning in Jerusalem. Toe hy in 609 vC aan die hand van farao Neko gesterf het, het Joahas, 'n seun van Josia, in sy plek koning geword. Joahas was drie en twintig toe hy koning geword het en hy het drie maande in Jerusalem geregeer (2 Kon 23:30, 31). Joahas het egter gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Farao Neko het vir Joahas gevange geneem en in Egipte in die tronk aangehou. Neko het toe vir Jojakim, 'n broer van Joahas en seun van Josia, koning in Jerusalem gemaak (2 Kon 23:34).
- Jojakim se naam was eers Eljakim, maar farao Neko het sy naam verander toe hy hom koning in Jerusalem gemaak het. Dit was in die jaar 609/8 vC. Farao Neko het Juda beboet met drie en 'n halwe ton silwer en vier en dertig kilogram goud omdat Josia opgetrek het teen farao Neko (2 Kon 23:33).

En die silwer en die goud het Jójakim aan Farao gelewer; maar hy het die grond gewaardeer om die geld volgens die bevel van Farao te lewer; volgens wat elkeen geskat is, het hy die silwer en die goud van die bevolking van die land ingevorder om aan Farao Nego te lewer. (2 Konings 23:35 AFR53)

Die woord wat die Here aan Habakuk geopenbaar het, was nie sommer so 'n ligtelike ou sakkie nie. In ons 53-vertaling staan daar: **Die Godspraak wat Hábakuk, die profeet, gesien het** (Habakuk 1:1 AFR53). Die woord wat ons met *Godspraak* vertaal, kan ook vertaal word met *las*, iets wat swaar is en swaar druk op die mens. In die Ou Testament kom hierdie woord 17 keer voor. Telkens word hierdie woord gebruik wanneer 'n oordeel van die Here aangekondig word. In Habakuk is dit in besonder 'n oordeelsuitspraak teen Juda en Jerusalem. Daarom is dit 'n gewigtige saak – 'n las – wat swaar op Habakuk gedruk het. Die gewigtigheid van die saak word duidelik uit die twee keer wat Habakuk tot die Here roep en die twee antwoorde wat die Here aan hom gee. In 'n tyd toe daar bykans net geweld en onreg geheers het, moes Habakuk die versoening en oordeel van die Here preek aan 'n volk wat deur die onreg al voos geslaan was.

Die onreg wat in die samelewing aan die orde van die dag was, was nie sommer skorries se gewelddadighede nie. Die hele volk het met geïnstitueerde geweld te doen gehad, want koning Jojakim moes 'n baie hoë boete aan farao Neko betaal en hierdie boete moes van die volk verkry word.

Broers, susters en kinders, ons hoor in Habakuk se klagte dat dit nie die eerste keer is wat hy tot die Here oor hierdie goddeloosheid in sy land gebid het nie. Hy vra:

Hoe lank, o HERE, roep ek om hulp, maar U hoor nie; skreeu ek tot U: Geweld! — maar U help nie? (Habakuk 1:2 AFR53)

Met hierdie klagte sê Habakuk: Here, ek kan dit nie meer hou nie. Ek is nou op my einde, maar U help nie. Hoe lank moet ons nog wag, want as U nie ingryp nie, is dit klaarpraat met ons.

Die feit dat Habakuk die Verbondsnaam van die Here (HERE) gebruik, laat 'n mens dink dat dit vir Habakuk voel asof die Here selfs nie meer aan sy verbond dink nie. Het die volk van die Here nou so ver gegaan dat die Here nie eers meer die verbond as rede het om 'n einde aan die geweld te maak nie?

Habakuk vra verder:

Waarom laat U my onreg sien en aanskou U die moeite! (Habakuk 1:3 AFR53)

Met hierdie laaste vrae wil Habakuk by die Here 'n rede hoor oor hoekom Hy niks aan die ellendige omstandighede doen nie. Here, waarom tree U nie op nie? Waarom kyk U maar net toe hoe ons land ten gronde gaan? Habakuk stop net duskant die punt om te sê dat dit lyk asof die Here niks aan die situasie wil of kan doen nie.

Maar waarin trek al die onreg en goddeloosheid saam wat so swaar op Habakuk se gemoed gedruk het? Dit trek alles daarin saam dat die wet ontkrig word. Daar is baie arrestasies en hofsake, maar die reg word verkrig. In plaas daarvan dat die skuldige betaal, word die reg so verdraai dat die slagoffer as die skuldige uitstap. En die goddelose gaan maar voort met sy boosheid. Dit wat die Here in sy verbond van die mense verwag, naamlik om God lief te hê en hulle naaste soos hulleself, word doodeenvoudig geignoreer. En as 'n mens die Here se verbondseise ignoreer, breek chaos in al sy krag en geweld deur.

Elke keer wanneer ons van 'n moord of 'n verkrigting van 'n klein babatjie hoor, slaan ons ons hande saam en vra ook waarom sulke dinge gebeur. Kyk ons na die toestand in ons eie land wil ons sê dat ons in 'n mate in dieselfde omstandighede as Habakuk verkeer. Soms lyk dit vir ons ook asof die onreg die oorhand oor die reg gekry het. Diegene wat vir hulle bose dade moes boet, loop houtgerus rond en kom bykans niks oor nie. Slagoffers word so behandel asof hulle die skuldiges sou wees en die skuldiges se menseregte moet asseblief tog net ten alle koste beskerm word. Dit is dan op hierdie punt wat ons ook wil vra: Hoe lank nog? en Waarom? Ons wil redes hê hoekom dit so gaan sodat ons nog 'n bietjie kan uithou.

Die ongeluk is dat die minagting van God se verbondseise nie net daar buite in die wêreld, buite ons geloofsgemeenskap en buite ons huise plaasvind nie. Ons Here God het Homself onlosmaaklik aan ons verbind deur middel van sy verbond. In die doop herinner Hy ons daaraan wanneer Hy sê: Ek is jou God en deur die geloof sal jy my kind wees. Vir die Here was niks te veel gevra nie. Hy buig Homself neer omdat Hy met ons gemeenskap wil hê, soos Hy ons verlede Sondag tydens die nagmaal daaraan herinner het. Daarom verwag Hy dat ons aan Hom verbonde sal bly. En ons bly aan Hom verbonde wanneer ons met toewyding en ywer die verhouding met Hom onderhou deur Hom te gehoorsaam. Ons bly getrou aan die Here wanneer ons Hom met ons hele hart, met ons hele siel en met al ons kragte liefhet. Ons wys ons liefde vir God wanneer ons ons naaste liefhet soos onself en wanneer ons voortdurend ons naaste se belange hoër stel as ons eie.

Maar hoe lyk dit tussen ons en in ons huise? Ons lig miskien nie ons hande vir mekaar op nie en ons gryp mekaar miskien nie aan die kraag om mekaar voor die geregshowe te sleep nie. Maar let op die woorde wat ons sê. Ons wil mekaar nie bloedneus slaan nie, maar met ons tonge sal ons mekaar so afbreek dat die ander een in sy gees aan flarde en flenters is. Ons wil mekaar se koppe nie inmeekaarslaan nie, want dit is moord, maar ons is gou om die ander een te verwens en uit te skel vir 'n dwaas en 'n sot en al wat lelik is. Man en vrou, hoe klink julle argumente daar in die binnekant van julle huise? Seun en dogter, hoe klink die woorde in jou gedagtes teenoor jou pa en ma of teenoor jou broer en suster wanneer jy ongelukkig voel? Broers en susters, hoe klink ons woorde en gedagtes oor die ander mense daar buite wat elke dag ons pad kruis omdat die Here dit so bepaal het? Bly ons in alles aan die Here verbonde deur ons naaste lief te hê soos onself? Of geld die wet van die Here net wanneer dit Sondag is of wanneer ek so voel en dit tot my voordeel sal wees?

En wanneer 'n mens aan die korste end trek, wanneer ons beleef dat die reg so verdraai word dat wettelose mense die oorhand kry, vra ons: Hoe lank nog? Die slagoffer voel asof hy nou die grens van sy uithou vermoë bereik het. Hy kan nie meer nie. En daar word gevra: Waarom? Miskien sal 'n mens, as jy 'n rede kry waarom die dinge gebeur nog 'n bietjie kan uithou.

Habakuk het met sy vrae – *Hoe lank?* en *Waarom?* – na die Here toe gegaan omdat die Here Homself aan Habakuk verbind het. Here, hoe lank nog? Here, waarom laat U my hierdie onreg sien? het Habakuk vir die Here in gebed gevra. Die Here het toegelaat dat Habakuk die vrae vra. Ons Here wil hoor hoedat ons by Hom kom vra wat ons nie verstaan nie en wat ons pla. Ter wille van Christus het ons Christene vandag nog meer as Habakuk die versekering dat die Here ons gebede sal aanhoor en verhoor. Die Here belowe dat Hy ons gebede sal aanhoor en verhoor ter wille van sy Seun en ons Verlosser. En hier in die boek Habakuk sien ons dat die Here dit ook vir Habakuk gedoen het. Hy het Habakuk se gebed gehoor en verhoor.

Wanneer 'n mens die Here se antwoord op Habakuk se klag lees, klink dit vir ons mense-oor asof die Here nie regtig vir Habakuk op sy vrae antwoord nie. Toe Habakuk die antwoord gehoor het en die impak daarvan 'n rukkie later besef het, het hy seker ook by homself gedink: Ek moes eerder nie hierdie vrae vir die Here gevra het nie. Habakuk het vir die Here gevra hoe lank die onreg nog in sy eie land gaan voortduur voordat die Here iets daaraan gaan doen. Maar die Here sê dat Hy nog groter geweld en erger onreg gaan stuur in die persoon van die Galdeërs, 'n wrede en 'n woeste nasie wat dwarsoor die aarde rondtrek om lande te verower wat nie hulle s'n is nie. In plaas daarvan dat Habakuk se las ligter geword het omdat hy sy vrae na die Here gebring het, lyk dit asof dit swaarder word.

Luister 'n mens egter fyn na wat die Heilige Gees vir 'n mens in die antwoord van die Here openbaar, dan sien 'n mens dat die Here tog op Habakuk se vrae antwoord en Hy beantwoord hulle woord vir woord. Trouens, die Here wat oënskynlik nie die mens hoor nie, luister na elke sug wat die mens in gebed uiter. Die Here neem selfs Habakuk se eie woorde op in sy antwoord. Habakuk het gekla oor die onreg en verkragting van die wet en in vers 7 praat die Here van mense wat net een wet ken, naamlik hulle eie. Habakuk het gekla oor die geweld en die ellende en in vers 9 praat die Here ook van die geweld wat die Galdeërs pleeg en gaan pleeg.

Broers, susters en kinders, dit is omdat ons mense so op ons eie ellende ingestel is en so in ons eie wêreldjies vasgevang is dat ons nie altyd mooi die Here se antwoord op ons gebede kan hoor nie. Ons oordele en beoordeling van sake word beïnvloed deur tyd,

ruimte en sterflikheid. God is verhewe bo al drie hierdie dinge. Ons verwag dat die Here nou dadelik iets aan ons situasie moet doen. Daar moenie nog gewag word nie. En as die Here se antwoord nie klink na wat ons wil hoor nie, sê ons maklik dat dit nie meer help om te bid nie. Die Here hoor ons dan nie, want Hy antwoord ons nie.

Habakuk was ook op sy eie wêreld ingestel. Die toenemende geweld en onreg in sy land onder sy eie mense het hom depressief en desperaat gemaak. Alles was vir hom nag en hy het geen uitkoms of toekoms gesien nie. Maar die Here roep hom: Kyk! Kyk na die ander nasies. Moenie net in jou eie uitsiglose wêreldjie in vaskyk nie. Kyk uit en kyk wyer. En dan sê die Here nog verder vir Habakuk: **en staan verstom, verstom.**

Ook vir ons wat so maklik swartgallig word oor die omstandighede in ons land, sê die Here vanaand: Moenie net in jou eie omstandighede vaskyk nie. Kyk verder, want die Here wil vir ons die groter prentjie wys waarvan ons ou wêreldjie maar 'n klein deeltjie is. Vir jou wat miskien vasgekeer is in die geweld wat mense met hulle woorde jou aandoen, vir jou wat stukkend geslaan is deur die geweld van 'n sondige gewoonte wat jou al desperaat gemaak het, sê die Here ook: Kyk, jy sal verstom wees oor wat jy sal sien.

Habakuk was onder die indruk dat die Here niks wil doen aan die onreg nie, asof die verbond nie meer genoeg rede is dat die Here sal optree nie. Die Here antwoord:

Aanskou onder die nasies en merk op, en staan verstom, verstom; want Ek gaan iets in julle dae doen wat julle nie sal glo as dit vertel word nie.

(Habakuk 1:5 AFR53).

Die Here sit nie ledig en wag om eers eendag iets te doen nie. Reeds tydens Habakuk en sy tydgenote se lewe was die Here besig om die Galdeërs as die instrument in sy hand op te wek en te mobiliseer. En wat Hy met hierdie instrument in sy hand gaan doen aan die onreg in Habakuk se land, sal nie geglo kan word as dit net vertel sou word nie. Met die geweld van die Galdeërs gaan die Here die ongehoorsaamheid en liefdeloosheid uit sy volk uitroei.

En nou besef ons, net soos Habakuk, dat die Here nie net die ongehoorsames en onderdrukkers met die geweld van die Galdeërs gaan tref nie. Ook die mense wat soos Habakuk nog getrou is aan die Here gaan ook onder die geweld van die Galdeërs deurloop – mense soos Daniël en sy drie vriende en mense soos Esegiël. Maak die Here dan nie 'n onderskeid tussen gelowiges en ongelowiges nie? wil 'n mens vra. Hierdie vraag sal ons DV by die volgende geleentheid behandel. Wat nou eger belangrik is om op te merk, is dat die Here met die geweld van die Galdeërs sy hele volk gaan tref om die onreg tussen hulle uit te roei. Nie net die ongelowige Jood wat soos 'n heiden te kere gaan, sal getref word nie. Ook die getroue gelowige sal in die spervuur kom. En as dit maar net vertel sou word, sou niemand dit geglo het nie.

Sowat 600 jaar na Habakuk se leeftyd het die Here ons God iets soortgelyks en nog groter gedoen. Met die ongelowige Jode en heidense Romeine as die instrument in sy hand het die Here die sondes van die mensdom in sy Seun Jesus Christus aan die kaak gestel. Met sy oorweldigende toorn het God sy enigste Seun getref om die sonde en die Satan se heerskappy oor die mensdom te breek. En Jesaja het ook gevra:

Wie het geglo wat aan ons verkondig is? (Jesaja 53:1 AFR53)

Maar nou het die Heilige Gees hierdie troosryke evangelie in ons harte ingedra en aan ons die geloof gegee dat Christus ook vir ons sondes die straf van sy Vader ondergaan het. En deur die geloof is ons nou in 'n nuwe verhouding met God. Sy verbond met ons is bevestig

en met die krag van die Gees kan ons aan die verbondseise voldoen. Ons kan ons daarop toelê om Hom lief te hê en ons naaste soos onself.

Maar dan behoort ons nou erns daarmee te maak om aan die Here verbonde te bly. In alles behoort ons Hom te gehoorsaam. Van sy voorskrifte mag ons nie links of regs afwyk nie. Ons kan dit doen, want Hy gee aan ons die geloof en die kragtige werking van sy Gees. Ons verantwoordelikheid is om gehoorsaam te buig onder die Gees se gesag. En as jy roep dat die Here moet ingryp om die geweld en onreg stop te sit, moenie dink dit is net vir diegene daar buite die kerk en buite jou huis waarvoor jy die Here se ingrype vra nie. Jy roep die ingryp van die Here ook in jou lewe in om die ou mens met sy sondige geaardheid ook uit jou lewe uit weg te sny.

Ons moenie dink dat die Here niks doen nie. Vanaand sê die Here ook vir ons: In julle leeftyd doen Ek iets wat julle nie sal glo as dit net aan julle vertel word nie. Met liefde en gesag kom die Here self in die persoon van 'n broer of 'n suster of die ouderling om jou by te staan om van daardie ongehoorsaamheid ontslae te raak. Luister wanneer die Here met jou praat. Raak nou ontslae van die dinge wat keer dat jy die Here voluit gehoorsaam, anders sal Hy iets anders doen wat jy nog minder sal glo as dit vir jou vertel word. Vir baie jare het die Here met liefde in die persoon van sy profete sy volk tot bekering opgeroep. Maar hulle wou nie luister nie. Daarom het die Here die Galdeërs in sy hand geneem om die onreg uit sy volk uit te roei.

Geliefdes, ons kla en steun oor die geweld en onreg in ons tyd. Ons bekla ook ons lot by die Here. Sien ons nog dat die Here in ons tyd werk, of het ons te ingekeer geraak in ons eie klein wêreldjies? Ons moet oppas dat ons nie so desperaat raak en net die geweld en onreg by ander mense raaksien en nie in ons eie lewens nie. Die Here is aan die werk in ons tyd. Bid dat die Gees ons oë en ore oopmaak om dit raak te sien en die Here te gehoorsaam.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 10-1:1, 2, 3, 4 (18:1, 2, 3, 4) (Tweede melodie Psalm 50)

- 1 O Vader, in die hemel hoog, / tot wie ons ophef hart en oog,
ons bid in stille eerbiedenis: / Gee dat u Naam, wat heilig is,
deur ons geken, geëer, gevrees / in alles mag geheilig wees.
- 2 Gee dat u koninkryk mag kom, / in Christenland en heidendom,
in sy triomfe eindeloos! / En laat ons op die aarde, soos
die eng'le wat u troon omring, / gewillig, Heer, u wil volbring.
- 3 Gee ons – want ons gebrek is groot – / vandag ons daelikse brood.
Bewys ons tog barmhartigheid / en skeld ons, Heer, ons skulde kwyt,
soos ons, in skuldvergiffenis, / vir hul wat aan ons skuldig is.
- 4 Lei ons nie in die donker land, / die wêreld van versoeking, want / ons is so swak. Verlos ons van
die Bose as hy sy vangnet span. / Want U kom toe die majesteit / en krag en eer in ewigheid.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.